Job Steenkamp by sy hings, Dokter Bosman

Kaapse Boerperdkeuring verfyn

***deur* Izak Hofmeyr**

Die keur van perde vir teeldoeleindes is by enige ras 'n kritiese aspek. Die toekomstige gehalte van die perde in 'n ras hang daarvan af of die keurders hierdie funksie korrek en doeltreffend uitoefen. In die geledere van die Kaapse Boerperdtelers is daar, ten einde te verseker dat die paneel van keurders uit een mond praat en dieselfde standaarde handhaaf, besluit om die keurderspaneel te verklein en amptelike keuringstoere deur die land te onderneem.

Perde sal dan aan 'n hele paneel voorgelê word en dieselfde keurders sal al die perde in die land sien. So sal dieselfde standaard deurgaans gehandhaaf word.

SA Horseman het by twee Kaapse Boerperdkeurders, Job Steenkamp en Wilber van der Merwe, gaan kers opsteek oor hoe hulle hierdie proses aangepak het.

"Die heel eerste ding wat ons gedoen het was om vir ons 'n prentjie te skep van hoe die ideale Kaapse Boerperd lyk," verduidelik Wilber. "Ons het 'n foto geneem van die perd wat ons gedink het die naaste aan die ideaal was en op grond van hierdie foto, 'n vorm ontwikkel waarop ons punte vir elke aspek van die perd se konformasie kon toeken."

"Soos die proses oor tyd verfyn is," voeg Job by, "het ons besef ons sal heelwat aanpassings op die oorspronklike vorm moes maak. Die resultaat was dat die vorm wat ons tans gebruik, heelwat verskil van die oorspronklike een."

Mettertyd het hulle besef dat 'n goeie eienskap in een ryperdras maar min verskil van dieselfde eienskap in 'n ander ras. Hulle het tot die slotsom gekom dat goeie eienskappe nie die enigste kriteria is as dit kom by die keuring van perde in 'n spesifieke ras nie.

"Dit het vir ons duidelik geraak dat dit net so belangrik is om te selekteer vir daardie eienskappe wat tipies is van die Kaapse Boerperd. Dit is waarom ons mettertyd meer punte begin toeken het aan daardie kriteria wat ons onder 'tipe' geklassifiseer het."

Hierdie eienskappe sluit byvoorbeeld in dat die Kaapse Boerperd 'n bonkiger perd as die Amerikaanse Saalperd is, met meer diepte van lyf relatief tot beenlengte, as die Saalperd.

"Ons soek 'n perd wat, hoewel hy op die skoubaan moet kan uitblink, steeds veelsydigheid as primêre eienskap behou. Ons tipe is sekerlik, van al die tipes beskikbaar in Suid-Afrika, die naaste aan die Amerikaanse Saalperd, omdat die groot rolspelers in ons ras definitief skougeöriënteerd is en omdat ons die Saalperd as rasverbeteraar gebruik het. Dit maak egter ons rol as keurders nog meer belangrik, om nie uit die oog te verloor nie dat veelsydigheid die fondasie is waarop ons ras gebou is."

Albei is dit eens dat een van die swak punte in hulle genootskap die feit is dat daar tans nie rolspelers in die genootskap is wat ander sportsoorte as skoury verteenwoordig nie. "Daar is nie dressuurruiters of ouens in die dryfkuns of skouruiters in die Engelse tradisie wat tans enigsins 'n rol in ons genootskap speel nie, en dit is tot ons eie nadeel as ons die veelsydigheid van ons perd wil bly vooropstel.

"Ons sou ruiters in die ander dissiplines absoluut verwelkom in ons genootskap sodat ons hulle kundigheid kan gebruik om vir hulle spesifieke behoeftes voorsiening te maak."

'n Kenmerk van die Kaapse Boerperdtelersgenootskap is dat daar baie min groot telers is. Die meeste lede van die genootskap het maar 'n stuk of vyf merries en gebruik hingste van die groter telers. Dit veroorsaak 'n groter samehorigheid onder die telers, omdat daar 'n groter gevoel van afhanklikheid onder mekaar is.

Hoe lyk die ideale vyfgangperd?

Die eerste eienskap van 'n vyfgangperd, stem beide Wilber en Job saam, is dat hy hart moet hê. Hy moet bereid wees om alles te gee en dan nog meer.

Agterbeenbeweging is belangrik. "Ons soek 'n perd wat nie te veel aksie uit sy spronggewrig het nie. Ons kyk eerder na 'n dieper tree onder die perd in met 'n laer trajek van die hoef. Saam met hierdie laer aksie is 'n baie sterk agterkwart natuurlik 'n vereiste, want die vyfgangperd word geweldig bymekaargevat, wat beteken dat die perd se balans uitermatig na agter verplaas."

'n Sterk agterkwart, verduidelik hulle, word

Wilber van der Merwe met die jong merrie, Fonteintjie Fynvat

gekenmerk deur goeie lengte vanaf die heup tot by die sitbeen, en is ook gerond. "Wat ons nie wil hê nie, is 'n kort en reguit kruis. Ons soek 'n lang en geronde agterkwart."

Daarna is soepelheid uiters belangrik. 'n Goeie vyfgangperd, beklemtoon hulle, moet baie soepel wees in sy hele lyf. Die trippel en kortgang is baie veeleisende passe wat soepelheid verg. 'n Stywe perd gaan stokkerig beweeg en neig om eerder 'n pasgang te neem as om te trippel.

> "Dit maak egter ons rol as keurders nog meer belangrik, om nie uit die oog te verloor nie dat veelsydigheid die fondasie is waarop ons ras gebou is"

Diepte van lyf met 'n soepel maar kragtige skouers, is verder 'n vereiste om die perd in staat te stel om sy voorbene hoog vorentoe te gooi en sy ruiter effektief te kan dra.

Die ideale grootte van die Kaapse Boerperd begin hier by 15,2 hh, maar beide Job en Wilber voel hulle persoonlike ideaal is 16 hh. **SAH**